WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 10/2020
31/10/2020

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van AO1 Lloyd Calitz : Voormalige RSM van die SA Inf Skool

Johan Brink van Personeel verwittig met leedwese dat Lloyd op 07/10/2020 in Hartenbos oorlede is. Sy vrou, Alida, se selno is 083 453 6890".

2. Afsterwe van AO1 Anton Blignaut : Voormalige RSM van die SA Inl Skool

Michael Huxtable van Leërinligting verwittig met leedwese "… dat RSM Blignaut (Blikkies) op 02/10/2020 in 3 Mil Hosp oorlede is. Hy was die eerste RSM by SA Inl Skool in Kimberley, waar hy vanaf 01/10/1979 tot 31/12/1985 gedien het. Sy vrou, Rina, se selnommer is 0738454730. Die troosdiens het op 10/10/2020 vanuit die Gereformeerde Gemeente Bloempark plaasgevind".

3. Afsterwe van Henk Badenhorst van die Infanterie

Peet Duncan van die Infanterie verwittig met leedwese "… dat Henk (ook bekend as 'Forty Five' weens sy effense skewe nek) op 14/10/2020 aan huis in Stilbaai oorlede is. Henk was in die laat tagtigerjare die SO1 Ops by HK Kmdmt N Tvl, waar hy aan diens buite Pretoria in 'n botsing met 'n Taxi ernstig beseer is.

Hy is medies ongeskik verklaar en het hom in 1992 saam met sy tweede vrou, Marie, op Stilbaai gevestig. Hier was hy en Marie vir hulle pragtige orgideë bekend. Vele Stilbaaiers sal sy aangename persoonlikheid en meelewing terdeë mis. Ek en Henk het op Bevel- en Stafkursus G 8303 saamgestoei. Henk, ons sal jou mis".

4. Passing of MWO Frans Kriel of the SAAF

Jaap Rossouw of the SAAFA advises with regret "… that MWO Kriel has sadly passed on to a higher calling at 1 Mil Hosp after a long fight against cancer. We stand back and salute you. Now you can rest in peace with no more pain and suffering". Paul Els provided the photo.

5. Afsterwe van Anton Swanevelder van die Infanterie

Hennie van der Mescht van die Infanterie verwittig met leedwese "… dat Anton op 12/10/2020 oorlede is. My hart is baie seer met die afsterwe van een van die mooiste mense met wie ek nog te doen gehad het. Jy was soos 'n pa vir my en ook baie ander. Rus sag majoor Swannie. Saluut!"



6. Afsterwe van Chris Snyman van die SALM

Johann Kruger van die SALM verwittig met leedwese "… dat my neef op 21/10/2020 in sy meenthuis in Wonderboom, Pretoria, oorlede is, vermoedelik weens 'n hartaanval. Hy het sy

loopbaan as ‘n instrukteur begin en was later die RSM en daarna as Bev LMS Voortrekkerhoogte en het as ‘n kolonel in die Personeeldiens afgetreë. Hy was 'n bobaas storieverteller om die kampvuur in die bosveld, 'n jagter van formaat en sy skerp sin vir humor was legendaries. Sy vrou, Elsabé, is enkele jare gelede oorlede”.

7. Afsterwe van Dave Wessels, HCG, van die Genie

Paul Els verwittig met leedwese “… dat Dave op 25/10/2020 op sy kleinhoewe naby Viljoenskroon vermoor is. In die media is op 26/10/2020 gerapporteer dat Dave by Brug 14 tydens Op Savannah na die heldedaad sy been in ‘n kontak verloor het”.

8. Passing of Paul Jonker of the SAN

Angel Soderland advises with deep regret that “... Paul had passed away in hospital in Durban on 27/10/2020 after suffering a heart attack. He was 81 years old. Our sincerest sympathy to Joan and their children Karen, Neil and Lisa and families. The memorial service was held on 31/10/2020 at the Turning Point Church in Woodlands, Durban”.

9. Afsterwe van Margot Malan : Weduwee van Genl Magnus Malan

Mev Malan is in die ouderdom van 92 jaar oorlede en is op 15/10/2020 vanuit die Oakhill Gemeente in Durbanville begrawe.

10. Gedenkdiens vir AO1 Lloyd Calitz van die Infanterie

Geoff Holland-Muter noem dat “… die SA Inf Vereniging (SAIV) die geleentheid op 16/10/2020 in samewerking met die SAWV aangebied het. Dit was vir die SAIV ‘n voorreg

en eer om op so ‘n gepaste wyse van hierdie legendariese soldaat afskeid te kon neem. Die foto toon die SAIV se tafel met Lloyd se foto.

11. Gedenkdiens van AO1 Anton Blignaut

Johan van Wyngaard van Leërinligting noem dat hy en “… onder andere Ben van Baalen en Frans Kruger van die Kavallerie en Charles Laubscher van Leërinligting die troosdiens van RSM Blikkies op 10/10/2020 bygewoon het. Ek was bevoorreg om die huldeblyk namens die Militêre Veterane en lede van SAMIVA by die diens te kon lewer”.

12. Gedenkdiens van Anton Swanevelder van die Infanterie

Geoff Holland-Muter noem dat “… die gedenkdiens van Anton op 19/10/2020 in Pretoria plaasgevind het. Die SAIV het die geleentheid aangebied end dit was ‘n eer om op hierdie wyse van so ‘n bekende Infanteris en vriend afskeid te kon neem. Die foto toon die SAIV se tafel met die kussing waarop Swannie se baret rus.

13. Memorial Service for Karin Schlemmer : Wife of Godfrey Schlemmer of the SAN

Arne Soderland states that "… the service took place on 10/10/2020 at the Methodist Church in George. The church had made a film of the service and it is available on FaceBook. Please contact the secretary, Diane Rohrer, at 044-873 3606 for detail".

14. Terugslag vir Tinus (AK) de Jager van die Infanterie

Tinus het op 02/10/2020 'n mediese prosedure ondergaan om deur middel van 'n laparoskopie 'n groeisel in sy kolon te verwyder. Tinus herstel tans aan huis in Eldoraigne en is beskikbaar op sy selfoon te 082 805 2448.

15. Terugslag vir Gert Nel van die Parabats

Carien Nefdt van Leërinligting noem "… dat Gert aan die begin van Okt 2020 'n ernstige beroerte-aanval gehad het. Hy word tuis deur sy vrou, Dina, versorg, wie se selno 083 601 7698 is".

16. Terugslag vir Callie Steijn van die SALM, Afd Inl en STN Drukkers

Callie rapporteer dat sy "... galblaas gebars het en dat dit verwyder moes word. Dit is voorwaar nie 'n grap op 74 nie. Dit gaan nou beter, maar dit het tot 'n vertraging met die verdere druk van genl Meiring se boek, *Soldaat en Mens,* aanleiding gegee. Die eerste druk is uitverkoop en ek gaan nou weer 'n oplaag druk om in die behoefte te voorsien. My telefoonnommers is 012-329 0705 en 083 491 2981".

17. Terugslag vir Hein Boshoff van die Infanterie

Jaco Steenberg van die SAWV en Geoff Holland-Muter van die Infanterie rapporteer dat Hein "... op 22/09/2020 'n groot rugoperasie in die hospital op George ondergaan het, waarna 'n noodoperasie en weer nog 'n derde operasie uitgevoer moes word. Hy is terug by

die huis, veduur hoë pynvlakke, maar dit gaan nou beter.. Hy mag vir ses weke glad nie sit of motor ry nie. Sy selno is 082 556 3510".

18. Terugslag vir Botha Marais van Leërinligting

Johan van Wyngaard van Leërinligting noem "… dat Botha met sy gesondheid worstel. Hy woon in Oviston, naby die Gariepdam. Botha moes weer 'n groot maagoperasie ondergaan, maar dit is uitgestel omrede daar 'n problem met 'n hartklep is wat eers reggestel moet word. Sy gemoed is nie goed nie en het onderskraging baie nodig. Sy selno is 071 426 1707".

HULDEBLYKE AAN AO1 ANTON BLIGNAUT VAN LEëRINLIGTING

19. Chris van Zyl van die Geskut en Voormalige Bev SA Inl Skool

"Ek is regtig jammer is om van RSM Blikkies se afsterwe kennis te neem. Van ons vyf jaar saam in Kimberley het ek net goeie herinneringe. In besonder onthou ek een dag kort nadat ek daar aangekom het, toe ons twee saam na die Verkennersklub gestap het en ek terloops opmerk dat ons seker plan sal moet maak met die troepe se uniform. Op daardie stadium was hulle uitgereik met groen SAIK barrette met 'n Kommando-kenteken en het terloops opgemerk dat 'n swart baret met 'n Jakkalskop as kenteken seker die aangewese ding sal wees. Later die dag kom ek agter dat die eenheid skielik baie lewe toon. Een van die staflede rapporteer toe dat die RSM last weet het dat die poppe gaan dans as al die troepe nie nog vandag met swart barette en Jakkalskoppe uitgereik is nie. Dit is nou wat ek RSM-Gesag noem. Mag hy nou Rus en Vrede ervaar".

20. Charles Laubscher : Voorsitter van SAMIVA

"Hierdie soldaat het diep spore in baie van ons lewens getrap en het nou uiteindelik tot ruste gekom. Hy was my KSM met my basiese opleiding in 1975, later my RSM en ek kon by hom as RSM van die Inl Skool oorneem. Dit was 'n voorreg en eer om onder jou te kon werk en leer.

Die volgende is sommige uittreksels uit die talle notas wat op FaceBook oor Blikkies se heengaan gemaak is, wat die respek toon wat lede vir hom gehad het:

'Dit is ons sammajoor daardie.
'AO1 Blikkies : 'n Legende
'Ons betreur die groot verlies
'Dankie vir die nege jaar wat ek die voorreg gehad het om onder jou te kon dien
'Hy was 'n ware RSM met 'n stem soos donderweer
'Jy was 'n RSM wat my persoonlik gevorm het in die mens en soldaat wat ek vandag is
'Die jong offisiere was bang vir hom
'Dit was wonderlik om hom as die RSM te kon hê
'Hy my baie laat dink aan my eie
'RIP Scout. It was an honour to have had you as my mentor
'Geniet die groot parade grond daar bo!
'Hy was 'n grooot man en 'n reuse mentor vir baie van ons
'Rus sag Blikkies. Ons het altyd net die grootste respek vir jou gehad
'Another great One has answered the sunset call
'Jou stem op Walvisbaai se paradegrond sal vir my vir ewig bybly
'At a reunion in Kimberley it took me 45 min to build-up courage to walk up to him and greet him. Still scared the heck out of me after all that time
'An impossible man to forget
'Jy was altyd 'n goeie mens
'RIV Sammajoor, Saluut, slaap sag en in vrede. Tot weersiens. Amen'.

21. Gedagte aan RSM Blignaut

Johan van Wyngaard van Leërinligting noem dat hy "… en AO1 Ben van Baalen van die Kavallerie op 24/09/2020 die voorreg gehad het om met 'n pakkie biltong en droëwors wat deur SAMIVA verskaf is, vir Sammajoor Blikkies in 3 Mil Hosp te gaan besoek. Hy wou nog op 01/10/2020 saam by Klub Omuthiya gaan kuier, maar dit was toe nie moontlik nie".

22. Boodskap van Anton (Jnr) Namens die Familie

"Namens my ma, Rina, en die res van die Blignaut-familie wil ons baie dankie sê vir al u boodskappe en oproepe na my pa se afsterwe. Julle boodskappe het ons diep geraak en het trane in ons oë gebring het want die seer lê nog baie vlak. Dit het egter ook baie vreugde verskaf om te weet dat my pa soveel mense se lewens geraak het. Weereens dankie vir u ondersteuning en bemoediging van die Blignaut-familie. My selno is 083 499 3263.

Rus sag my pa, jy was 'n groot man, pa en oupa gewees. Daar sal nie weer so 'n soldaat wees soos jy wees nie. Saluut".

TRIBUTES TO WO1 LLOYD CALITZ OF THE INFANTRY

23. Jock Harris of the Infantry

"I remember Lloyd from as far back as 1965 as CSM of HQ Coy at 6 SAI Bn in Grahamstown. Immaculate in dress, military posture and punctuality. We, as young officers, owe him so much for the way in which he guided us and taught us the basics of soldiering. He was the RSM of the SA Inf School during part of my tenure there and I can remember how proud we all were of having him there to show the Infantry Corps what a soldier should look and act like. I last spoke to him about four years ago when he suggested a reunion of members of 6 SAI. It is painful to lose someone that served in an amazing organisation over so many years but in his case, the loss to me is very profound. Thanks for being a mentor and more especially, for being a friend. Rest in peace now until we all meet again".

24. Alida Calitz : Lloyd se Vrou

"Lloyd was inderdaad 'n legende en selfs 'n ikoon in baie se oë. Vir my was hy maar net my man, waarop ek baie trots was en altyd sal wees. Dit was 'n groot voorreg om sy lewe te kon deel vir die laaste 19 jaar. Hy was altyd nederig, met sy twee voete plat op die aarde. As ek vir hom al die boodskappe moes lees sou hy net sy kop geskud het en gevra het van wie hulle praat! Die Vader het Lloyd vir byna 82 jaar aan ons geleen om lief te hê en sy unieke menswees te kan geniet. Nou bly net die herinneringe oor wat vir altyd in ons harte sal voortleef.

Woorde skiet te kort om my dankbaarheid en waardering teenoor almal uit te spreek vir al die boodskappe van simpatie en bemoediging die afgelope twee weke".

HULDEBLYKE AAN DAVE WESSELS, HCG, VAN DIE GENIE

25. Shai Mulder van die Genie

"Saluut aan 'n mede-offisier wat die Grensoorlog oorleef het, selfs nadat hy sy een been verloor het om 'n gewonde FNLA-soldaat na veiligheid te bring, Vir hierdie heldedaad het Dave die Honoris Crux Goud-dekorasie vir dapperheid ontvang. Jammer dat jou laaste geveg tevergeefs was. Jou lewe was meer as die moeite werd! Dankie vir jou lewe as 'n soldaat in diens van Suid-Afrika. Ons eer jou nagedagtenis".

26. Douw Steyn van die Genie en Spesmagte

“Ons as jong offisiere in die Genie was soos bloedbroers en tydens Op Savannah was dit nie anders nie. Ons het vir mekaar baie respek gehad en mekaar prestasies en erkenning gegun. Dave was een van daardie enig-in-sy-soort offisiere en het nooit teruggestaan vir die eise van militêre leierskap nie. Hy verdien om in vrede by sy Hemelse Vader te rus”.

27. Johan du Preez van die Genie

“Dave het ’n sterk persoonlikheid en ’n teenwoordigheid gehad, iemand van wie jy bewus was wanneer hy ’n vertrek binnekom het. Tog het hy die kalklig vermy en het hy sy bydrae, sonder omhaal van woorde of vertoon, op ’n stil manier gemaak. Hy was taakgeoriënteerd en ’n spanspeler wat alles gegee het, maar verkies het om eerder op sy eie te wees wanneer die taak afgehandel was. Hy was ’n gedissiplineerde offisier wat agting afgedwing het. Tydens Op Savannah het hy ’n gewonde FNLA-soldaat onder vyandelike vuur uit ’n vuurstrook gaan haal en later ‘n skietwond opgedoen terwyl hy voortgegaan het om sy taak as Genie-offisier uit te voer; optredes waarvoor die Honoris Crux Goud-dekorasie vir dapperheid aan hom toegeken is. In 1 Mil Hosp is sy linkerbeen onder die knie geamputeer”.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

28. Reëlings vir die Gedenkdiens van AO1 Lloyd Calitz

Jaco Steenberg verwittig dat “... die SAWV vir Johann Du Preez van die SAWV en Sam Twaites van die SAIV bedank vir hulle reëlings met die aanbied van die Gedenkdiens. Sammajoor Lloyd sou trots gewees het op die standard van julle dril. Dankie ook aan al die Veterane en Sammajoor Calitz se vriende wat aan hom die laaste eer kom betoon het. Die Gedenkdiens kan op die skakel by Kliek Hier gevolg word”.

29. Bywoning van die Gedenkdiens van AO1 Lloyd Calitz

Johann Posthumus van Leërinligting noem “… dat ‘n groepie Veterane, soos op die foto hieronder, op 16/10/2020 by die Amfiteater in Hartenbos teenwoordig was om ‘n laaste eerbewys aan Lloyd te toon. Van die bekendes wat bygewoon het was Paul Lombard, John Moore, Peter van der Merwe, Louis Cook, Buks Pieterse, Wynand du Toit, Johan Stone, Deon Potgieter en ander. Johan du Preez van die SAWV was vir die seremoniële reëlings verantwoordelik”.

MILITêRE AANGELEENTHEDE

30. Plan to Preserve SAS Assegaai

Arne Soderland of the SAN reports that "… the first steps have been taken to preserve the Daphne class submarine, SAS Assegaai, of the SAN as a permanent display in the harbour of Simon's Town, if private funding can be sourced by the Naval Heritage Trust".

31. Pentagon's Plan for a 500-Ship Navy Calls for More Unmanned Vessels

In Arne's MN it was reported (and also in some of the articles here below) that the Secretary of Defense, Mark Esper, had stated that the USN had previously had a goal of 355 ships, but has now decided on achieving a 500-ship fleet by 2045. The new plan calls for up to half the total to be composed of unmanned or optionally-manned ships.

The plan calls for a dramatically increased number of attack submarines from the current 51 to as many as 80 hulls. The most revolutionary element of the plan calls for the development and construction of as many as 240 unmanned and optionally-manned vessels, including surface and sub-surface assets. The autonomous test vessel Sea Hunter featured below is a model for the potential unmanned vessel development.

32. The Pandemic in the USN

More than 190 ships of the USN ships have suffered a COVID-19 outbreak this year. If that tally is limited to the sea service's 296 deployable ships, it would mean nearly 65 percent of the fleet has experienced some level of infection by the novel coronavirus.

33. Chinese Test Shows Potential for Ballistic Missiles on Merchant Ships

On 15/09/2020 China successfully launched the Long March-11 solid propellant launch vehicle off a merchant vessel in the Yellow Sea. This was the second such sea-based launch of a rocket conducted by China. The launching of the Long March-11 from a civilian vessel raises the prospect that China's merchant fleet could be used to fire ballistic missiles in wartime. The Yantai Salvage-operated heavy lift ship De Bo 3 featured below **had** served as the launch platform.

34. Submariner Found Unfit for Duty

An officer of the RN has been sent home from a submarine after he arrived at work to take charge of nuclear missiles while unfit for duty. Colleagues raised concerns when the weapons engineering officer arrived for work on HMS Vigilant carrying a bag of leftover grilled chicken for his lunch, while it is understood he had been drinking the night before. The weapons engineering officer is responsible for all weapons and sensors on board the vessel.

TOEKOMSTIGE OORLOGTEATERS

35. China Beefing up Coastal Missile Deployment to Target Taiwan

China has been building up its coastal missile deployment in preparation for a possible invasion of Taiwan, as reported by media in Hong Kong. Missile bases on the coasts of Fujian and Zhejiang, the two provinces close to Taiwan, have been upgraded and are being equipped with the most advanced hypersonic missiles, the DF-17s, which has a maximum range of 2 500 kilometers. Given their long range, the missiles can also be deployed as an offensive weapon against USA aircraft carriers to deter US warships from entering the Taiwan Strait and intervening in a cross-strait war. The photo shows the DF-17 missile carriers.

WELSYNSPROJEKTE

36. NTR.

EIETYDSE MILITERE GESKIEDENIS

37. SA Inf Korps is 66 Jaar Jonk

Sam Thwaites van die Infanterie verskaf die foto van die ou sakwapen en noem dat die SA Inf Korps amptelik op 22/01/1954 gestig is en dus nou 66 jaar jonk is.

38. Annual Memorial Service Regarding Puma 164

Marthie Visser of the Whale Coast Branch of the SAAFA has reported in their regular Newsletter that the annual memorial service and wreath laying ceremony was held on 26/09/2020 at the Dawn Patrol MOTH Shellhole in Bergvliet, Cape Town, to pay tribute to the crew of Puma 164 and 14 soldiers from the Rhodesian Light Infantry (RLI) and Engineering Corps, who lost their lives when their aircraft was shot down in Mozambique on 06/09/1979, during a joint operation of the SADF and Rhodesian SF known as Op Uric. The operation which took place from 01-07/09/1979 and was supported by Pumas, Canberras, Dakotas and Super Frelons of the SAAF, during which bridges and a major combined Frelimo and ZANLA command centre was attacked in Gaza Province.

This was one of the largest external operations of the Rhodesian War. During the operation, the Puma helicopter of the SAAF was hit by an RPG-7 rocket which entered through the open rear sliding door and exploded between the Pilot and Co-Pilot killing all personnel on board. This was the highest loss of life for the Rhodesian SF in a single incident during the Rhodesian War.

The photo was taken after the memorial service and shows those who laid wreaths on behalf of the SAAFA and the Rhodesian SF.

39. Honouring the Crew and Pax of Puma 164

Marthie Visser has also reported that the crew of the Puma, namely Capt Paul Vellerman, Lt Nigel Osborne and F Sgt Dick Retief and the 14 pax from the RLI and 2 Eng Sqn, were honoured when years later, on 13/04/2009, a mission was undertaken by Neill Jackson and other colleagues of the Rhodesians on board, to establish the site of the crash and ensure that suitable homage was paid to those lost. The site was duly discovered, and it was found that the local inhabitants had buried the SAAF crew in one grave and the Rhodesian pax in another.

The Chairman of the Outeniqua Branch of the SAAFA, Ola Grinaker HC, heard from Neill that he was planning another trip to Mapai accompanied by the families of the SAAF crew, and between them they decided that it would be appropriate and correct that a cross be erected on the SAAF grave site. Ola decided that the cross should be erected on behalf of the SAAFA and cleared protocols on this basis before proceeding to have a magnificent metal cross, bearing the names of the SAAF crew, fabricated.

On 28/06/2012 Neville Greyling, the National President of the SAAF Association, officially handed the cross to Neill Jackson at Bays Hill at the SAAF Wall of Remembrance, who so kindly agreed to plant the cross on the grave site near Mapai. The photo shows Philip Weyers, Immediate Past President of the SAAFA; Neill Jackson, Neville Greyling, National President of the SAAFA and Hugh Paine, Vice-Chairman of the Pretoria branch of SAAFA.

40. Bat Chat : Newsletter of the Pretoria Canopy

This quarterly issue of this excellent publication of Chris Pohl and Paul Els is now available from paul@who-els.co.za. It features some great articles, like '*The Reasons for the Border War by b*y Herman Labuschagne. In this article it is stated that it was the intention of the USSR to gain control of the sea route around the Cape of Good Hope, as this would effectively split the planet in two. Two other articles are featured here below.

41. Valskermkursus vir UNITA

Arrie Combrinck vertel dat hy tussen 1980 en 1984 by opleiding vir lede van UNITA betrokke was. Die basisse het ongeveer drie innames per jaar gehad waar hulle vir ongeveer drie maande opleiding ontvang het. Luitenante en korporaals van die SA Inf skool het elkeen 'n kompanie gekry om met behulp van UNITA se instrukteurs en tolke op te lei. Dit was 'n groot verantwoordelikheid vir 18 en 19 jariges!

In 1984 het ek ook saam met Dave Roos (Callie Roos se broer), Steph Naude, Trevor Floyd, Hannes Naude, Hennie Blaauw en James Little lede van hulle Spesmagte-eenheid opgelei.

In 1981 is die eerste valskermkursus onder leiding van kol Mo Oelschig vir lede van UNITA aangebied. Na die grondopleiding was Mo die eerste om te spring en ek kan steeds onthou hoe statig Mo in die vliegtuig se deur gestaan het. As ek reg onthou het kapt Walther Rosemann hierdie foto van die eerste kursus geneem. Die twee regs voor op die grond was die valskermpakkers wat deur 1 Valsk Bn voorsien is.

42. Wearing of Foreign Paratrooper Wings

A number of serving members of the UDF and SADF wore foreign paratrooper wings. Examples are Brigadier Jan Burger who qualified in the USA and Gen Pik van Noorden and Cols Tommy Renfree and Duke Wellington who qualified in the UK during WW2. Later examples as shown here below are Gen Piet Hanekom who qualified in France, Gen Deon Mortimer in the USA and who was re-trained in RSA and Col Brain Adams who holds the paratrooper wings of Taiwan

43. Surviving WW1

In an article by Greg Mills in Daily Maverick titled *The Art of War,* the British Gen Adrian Carton de Wiart, is described as a man "… with only one eye, only one arm, and rather more surprisingly, only one Victoria Cross. Carton de Wiart started his service in the Anglo/Boer War (when he was wounded in the stomach and groin); World War 1 (shot twice in the face, losing his eye and also a portion of his ear in Somaliland, and on the Western Front, losing his left hand in 1915, shot through the skull and ankle at the Battle of the Somme where he won his VC, through the hip at the Battle of Passchendaele, through the leg at Cambrai, and through the ear at Arras) survived two plane crashes, spent time as deputy to Gen Louis Botha and then later as head of the military mission in Poland and escaped from a prisoner-of-war camp. In describing his experiences in World War 1 he said that "… frankly, I had enjoyed the war".

44. Foto van Boere-krygers tydens die Slag van Spioenkop tydens die Anglo-Boere-oorlog

Die Slag van Spioenkop op 24/01/1900 is gekenmerk deur weergalose dapperheid aan albei kante en word gereken as die hewigste geveg van die hele Driejarige Oorlog. Die foto toon van die seëvierende Boere na die slag met die koppie in die agtergrond.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

45. NTR.

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF)

46. The Disease Risk Management Programme

The RFMCF has requested all Veterans who suffer from chronic conditions like diabetes, to contact the RFMCF in order that members could be provided with a comprehensive treatment plan, along with regular health information to help them to better understand their condition. Members are requested to complete the Chronic Application Form that is available on the RFMCF website at www.rfmcf.co.za. When you next go to your doctor for a check-up or consultation, please take the attached form along to your treating doctor for completion. This applies to all beneficiaries who visit their GP in the private sector as well as all military doctors. Please contact the RFMCF on 012-679 4200 or info@rfmcf.co.za for information.

NUWE MILITêRE BOEKE

47. *The War for Africa*

The War for Africa: Conflict, Crime, Corruption and Foreign Interests is a hard-hitting account of the undeclared and invisible conflicts and wars that go almost unnoticed in the daily mainstream media. The impact of these economic, military, and political conflicts on the continent and its people is devastating. This new book by Eeben Barlow book offers a personal, yet disturbing glimpse of much of what has gone wrong and of what is happening across the continent. The author gives his personal views of the impact of fragile politics and policies, conflict, criminality, deceit, and lies that are still contributing to the on-going conflict the continent is waging against itself. Invariably, these problems are incentivised and motivated by nefarious foreign interests, especially in resource-rich countries.

The background to the political and military conflicts the author was engaged in are discussed, and how poor and misleading advice often triumphs over verified intelligence. It is a story of deception and frustration, ignored advice, faulty projections, false accusations, and the erosion of a continent. This is the story of a continent at war with itself. It is in Paperback, has 452 pages and the cost is R495. Order from Bush War Publications at sales@warbooks.co.za.



PAUL ELS SE BOEKE

48. NTR.

ALGEMENE ASPEKTE

49. Sin vir die Lewe

Johan Jooste van die Infanterie en leier in die stryd teen wildstropery, vertel dat "…ons junior kollegas deesdae die luukshied van heropleiding op staatskoste het as hul aftree en tereg ook so. Baie leer op hierdie manier n nuwe vaardigheid aan en dit klink ook reg. My beskeie mening is egter dat die boek wat hier onder gepropageer word, verpligte leesstof moet wees vir lede wat gaan aftree, gepaargaande met voorligting deur iemand soos ons eie dr Albert Janssen. Vir baie van ons wat al lank afgetree is, is daar die kwessie van sin in die lewe na 'n sinvolle militêre loopbaan. Die boek kan van nut wees vir ons almal".



50. Military Despatches

Robbie Roberts of Signals advises that the issue of Oct 2020 of Matt Tennyson's exellent publication is available from his e-mail address at robbie.wa.roberts@gmail.com. The following is the cover of the new issue.

51. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that *Spindrift*, the Newsletter for Oct 2020 available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

52. Nuwe Reeks Voorblaaie van Nonggai.
Hennie Heymans van die ZARP is die opsteller van hierdie uitstekende gereelde publikasie oor die veiligheidsgeskiedenis van Suid-Afrika en versoek soos volg:

"Op die buiteblaaie van die volgende uitgawes gaan fotos van die DGs van die Buro vir Staatsveiligheid en Nasionale Intelligensie verskyn. Daarna is dit die drie hoofde van die Staatsveiligheidsraad se beurt kom. Ek sal dit baie waardeer as van die lesers my kan help met CVs van genls Andre van Deventer en Charlie Lloyd. Mooi kleur paspoort-tipe foto's sal veral welkom wees om op die voorblad te gebruik. Ek het reeds genl PW van der Westhuizen se CV en kleurfoto".

53. Woesterny in Thaba Tshwane

Paul Els rapporteer met 'n traan in die oog dat hy "... by die Tandarts was en toe teen my beterwete besluit het om deur Thaba Tshwane te ry. Met skok kom ek op die huis af wat direk Wes van die kerk is wat aan Diensvakskool grens. Die huisafval is met 'n net toegegooi sodat dit nie wegwaai nie. In die dae van orde sou 1 Mil Dorpsbestuur dissiplinêre stappe teen die inwoner ingestel het".

54. Mo Maak Naam

Mo Oelschig van die Infanterie verwittig vanuit die koue skadu van die Rocky Gebergte dat hy "… in Apr 2020 die eerste prys (met 'n lekker geldjie) in die Poetry Institute of Canada se jaarlike gedig-kompetisie losgeslaan het. Die gedig, *Regret*, is in hul jaarlikse bloemlesing, *Island Shores – An Anthology of Verse*, gepubliseer. Die gedig is reeds in my 2018 digbundel, *The Greatest Treasure*, ingesluit. Die digbundel, en die ander nege van my boeke, kan op Amazon.com besigtig word. Met beste wense en wintergroete aan al my vasbytende makkers en kamerade".

Regret

I've stood in the mighty Rockies
With their mantle of winter's white.
I've seen the clouds of migrating geese
In their majestic flight.
I've felt the touch of a baby,
The embrace of a loving wife
But, I've been to war and I've heard the guns
And I've seen men lose their life.

I've heard the lark in the meadow
And the night-jar after dark,
The rumblings of hungry lions
And the jackal's midnight bark.
I've savoured the rain after thirsting,
Sipping heavy dust-laden drops,
As the earth revives when the wetness arrives
And the drought fades into the past.

I've touched the frost on the thistle
When winter sears one's soul,
When nature seems to shudder and shrink
With the coming of the cold.
I've seen the first shy blossoms,
Delicate and bedewed,
Reveal themselves to a wanting world
Rejoicing, with hope renewed.

I've gazed on the works of Masters.
Composers have made me weep -

But, what of the paintings yet to be
And the music still asleep?
So, my only regret at the failing years
Is for beauty that will be denied -
For the many wonders I'll never behold
When the darkness deepens at Eventide.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

55. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

56. Celebrating the SAAF's 75 Years of Camaraderie, Remembrance, Service and Support

Mike Louw is the National President of the SAAFA and advises "… that all systems are go to host our SAAFA 75 National Banquet in Hangar 5 at AFB Swartkop on 07/11/2020. Further details will be advised by the Pretoria Branch who are hosting and arranging the function.

It was always intended to host the National Banquet in Hangar 5 due to the historical significance of the centenary year and the fact that AFB Swartkop was the first operational air force base from whence it all started. All Covid preventative measures will be taken beforehand and during the function to ensure maximum safety for attendees. The National Banquet will also provide an opportunity for the SAAFA to bestow honours and awards upon deserving members for meritorious services rendered.

Contact the e-mail address at nationalHQ@saafa.co.za for further detail".

57. Amptelike Stigting van die SAWV se Spekboom-eenheid in Oudtshoorn

Pieter Cilliè is die Voorsitter van hierdie nuwe eenheid wat as deel van Op Geelvink op 03/10/2020 gestig is. Teenwoordig was 34 persone. Pieter Cillie het almal verwelkom, waarna Johann du Preez, die SAWV se Ondervoorsitter) 'n oorsig van die SAWV gegee het. Buks Pieterse is die Outeniqua-sektor se vVoorsitter) en het sy visie met almal teenwoordig gedeel. Die Burgermeester van Oudtshoorn, Raadlid Chris McPerson, het die Stadsraad se dank en steun aan die SAWV toegesê. Daarna het almal lekker gekuier en gebraai.

SAWV Spekboom nooi alle Veterane, hulle gesinne, vriende en belangstellendes om in te skakel by hulle aktiwiteite en vir Pieter Cilliè by 081 4060 466 vir meer informasie te kontak.

58. Stig van die SAWV se Nuwe Tak Noord van die Magaliesberg

Christo Struwig van die SASK verwittig dat "… die SAWV 'n nuwe tak, naamlik Magalies, gestig het en ons is baie opgewonde daaroor. Die nuwe tak sal die gebied Noord van die Magaliesberg bedien en ons het sommer 'n hele mengelmoes van idees, inisiatiewe en alles wat 'n positiewe bydrae gaan maak. Ons versoek dat al die Veterane in die gebied sal aansluit, sodat ons behoorlike samesmeltingsdrils kan uitvoer! My e-posadres is christo.struwig19@gmail.com en die skakel na die blad op FB is by https://web.facebook.com/SAWV-Magalies-104407648100148. Ek groet met 'n Saluut!"

59. Uittrede van John Lizamore as President en Beskermheer van die SAIV

Geoff Holland-Muter maak namens die SAIV bekend dat "… sy President en Beskermheer finaal besluit het om uit te tree. John se gesondheid is nie goed nie en die SAIV neem met 'n seer hart van hierdie situasie kennis en wens John net die beste vir die toekoms toe. Hy is 'n ware offisier en heer en die SAIV se trots".

60. Newsletter of the SA Mil Int Veterans Association (SAMIVA) for Oct 2020

SAMIVA Scout is the name of the Newsletter and this fine publication is available from the compiler, Mike Huxtable, at samiva.sec@gmail.com.

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

61. Hulp met Uitbetaling van Pensioene

AP Stemmet van AMAGP noem "… dat Susan Voges van AMAGP 'n deskundige diens met hierdie soort sake aan ons lede en die Veterane in die algemeen lewer. Susan kan gekontak word by 081 714 3837 of op susan.gepfforum@gmail.com".

62. Registering at GEPF for Assistance

Susan Voges states that the GEPF has established a self-service portal to enable Veterans who require assistance with their pensions to contact the GEPF at 012 319 1400 or to send a e-mail message to selfservicesupport@gpaa.gov.za. The following services will be available:

* Access benefit statement
* Access proof of payment
* Trace any benefit claim
* Update contact information
* Nominate beneficiaries
* Access personalized correspondence, eg letters/newsletters
* Access latest notices from GEPF

Download the registration application form from the link at Kliek Hier and submit it to the relevant e-mail address that is provided. You will receive an e-mail message stating that you have been registered and be asked to click on the link to update your password.

63. Versoek aan KykNET

AP Stemmet het in 'n berig aan KykNET verwittig dat daar tydens die nuusbulletin op 14/10/2020 verwys is na die soldaat van Oudtshoorn wat vier jaar gelede in die see verdwyn het, van wie die weduwee nog nie 'n pensioen ontvang het nie. AP verklaar dat "… dit skokkend is dat 'n weduwee vir vier jaar sonder 'n inkomste gelaat is. Ons organisasie sien om na vele pensionarisse of afhanklikes wat probleme met hulle pensioene ondervind. Ons het reeds ver gevorder om ons van die feite van hierdie geval te vergewis en sal poog om die weduwee verder behulpsaam te wees".

64. Beroep op Ondersteuning van AMAGP.
Hermann Hanekom van AMAGP het op die FB-blad , GEPF Waghond, die volgende beroep op die Pensionarisse gedoen:

"Geagte bydraers tot en begunstigdes van ons pensioenfonds. Daar is nou meer as 39 700 inskrywings en volgelinge van ons Webblad en dit is iets om oor te jubel. Die probleem is dat

Facebook egter geen stukrag verskaf nie. AMAGP het nog meer ingeskrewe lede nodig om ons pensioene te beskerm en sodat ons ernstig opgeneem kan word. Sluit aan by AMAGP sodat ons getalle ons sterker kan maak en meer bedingingsmag kan verskaf. Aansluiting kos niks en neem net minder as drie minute om te doen. Drie minute ter beskerming van ons pensioene is niks. Gaan na die skakel by https://www.amagp.co.za/ en sluit asseblief spoedig aan. Kliek op die hoofblad se boonste linkerkolom en kliek op 'Application', kies jou taalvoorkeur, voltooi en stuur in en jy is outomaties 'n lid. AMAGP is 100% apolities".

65. Behoefte aan 'n Ombudsman by die GEPF

AP Stemmet noem dat "… daar reeds lank 'n behoefte vir die aanstelling van 'n Ombudsman by die GEPF bestaan om die vele klagtes oor pensioene te hanteer. Gedurende Nov 2016 was 'n vergadering van Pensioentrekkers in Kaapstad gehou wat deur 'n lid van die Trustees, Dries de Wit, toegespreek is. Ek en James Galvin het vrae gehad oor die vrot diens by die GEPF, waarop Dries genoem het dat optrede geneem sou word om in Augustus die diens te moderniseer, op te gradeer en 'n Afdeling te skep wat handel soos die van 'n Ombudsman om die vele klagtes te hanteer. Hy het egter nie genoem in watter jaar dit sou wees nie, maar ons het verkeerdelik aanvaar dat dit in 2017 sou wees. In 2019 het die GEPF wel die pos van Ombudsman adverteer, maar tot dusver het daar egter nog niks verder gebeur nie en ons navrae oor vordering is geïgnoreer".

66. New Issue of the GEPF Monitor

The new Issue, namely Newsletter 11 of 2020, is now available and can be read on our website at www.amagp.co.za, or can be requested from the e-mail address at amagp.sek@gmail.com.

67. Nuwe Voorkoms van AMAGP se Blad op FaceBook

As Kleynhans van die Lugafweer verwittig "…dat AMAGP se blad op FaceBook 'n gedaanteverwisseling ondergaan het. Dit het 'n nuwe gesiggie en die naam is nou GEPF WATCHDOG/WAGHOND. Die nuwe voorkoms trek aandag en ons ledetal op Facebook binne drie dae met meer as 1000 gegroei, wat talle lede van die SAP en ander staatsdepartemente insluit".

SOEKTOGTE

68. Waar is Brig Quinten Painter?

Hennie Heymans van die ZARP wil "… met brig Painter kontak maak. Hy was glo in bevel van die SAW-berede eenheid gedurende die jare toe genl Gerrit Murphy die Bev Kmdmt Wit was. Ek wil graag 'n artikel doen oor die aanwending van die SA Leër se Berede-eenheid tydens onluste aan die Rand".

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

69. Reünie van die SA Leër se Burgerlike Beskermingskollege

Arina Jooste rapporteer dat "… die reünie van die jaargroep van 1971 volgende jaar oor die tydperk 04-06/05/2021 in George gaan plaasvind. Ons het intussen al 109 oud-studente opgespoor, maar ongelukkig is daar van hulle wat finansieel swaar trek en dit moeilik sal vind om die reünie by te woon. Ons het twee skenkings van oud-studente ontvang en 'n kompetisie uitgeskryf om te kyk of ons fondse kan insamel om hulle te help. Die Veterane word genooi om aan die kompetisie deel te neem, sodat ons van ons maats kan bystaan. Die twee groot pryse kan gewen word deur 'n eenvoudige vraag te antwoord. Met 'n fooi van

R100 staan enigiemand ‘n kans om een van die twee pragtige pryse te wen, soos wat in die foto hieronder aangetoon is. Stuur u antwoord na Elmarie Smit se e-posadres by henning.elmarie@gmail.com. My e-posadres is joosteja@mweb.co.za”.

70. Functions of the SAAF Branch in Pretoria.
Jaap Rossouw of the SAAF Branch in Pretoria advises that the following functions are being planned:

* 07/11/2020. National Banquet and Awards Ceremony at Hanger 5 in AFB Swartkop from 18:30.

* 13/112020. Branch luncheon at the 10 AD lapa from 12:00 till 13:00.

* 04-11/12/2020. The Christmas luncheon which will be confirmed.

71. Re-unie van Lede van 5 MWE

Albert Peters van die Infanterie rapporteer dat die laaste Bev 5 MWE, Kol Fanie Bezuidenhout, alle oud-lede van die eenheid, asook NDPs wat by die eenheid tot 31/09/1990 betrokke was, nooi om `n re-unie by te woon. Die datum, plek en reëlings sal mettertyd aan almal gestuur word wat die geleentheid gaan bywoon.

By die geleentheid word die boek oor die eenheid, "*Die Stompkant Soldate*", ook amptelik vrygestel. Lede wat die boek vooraf bestel, betaal en die re-unie bywoon, sal die boek ontvang wat deur die outeur onderteken is. Dit is belangrik om te weet hoeveel boeke gedruk moet word, dus word u versoek om asseblief te laat weet wat u benodig. Die beskrywing van die boek kan in par 28 hierbo gelees word.

Kontak vir kol Bezuidenhout by 079 348 5633 of op faniespb@gmail.com om die re-unie by te woon. Die boek kan vir R160 (posgeld uitgesluit) by Paul Els te 083 344 5993 of op paul@who-els.co.za bestel word.

72. Geleenthede van die SAWV.
Jaco Steenberg van die SAWV rapporteer dat die volgende geleenthede in Nov en Des 2020 beplan word:

a. Ontbyte Onder Die Vaandel Van Op Kolgans

* SAWV-eenheid Griffioen (Pretoria). Ontbyte op 14/11 en 12/12/2020. Kontak Kleintjie Hatting by
083 776 7667.

* SAWV-eenheid Spekboom (Oudtshoorn). Ontbyte op 28/11 en 12/12/2020. Kontak Pieter Cillie by
081 406 0466.

* SAWV-eenheid Kilo Papa (Kempton Park). Ontbyt op 07/11/2020. Kontak Gerhard Beneke by
082 496 7931.

b. Op Geelvink : SADFA UNIT Brenner (Alberton). Bring and Braai on 07/11/2020. Contact Errol at
082 687 8548.

c. Op Bosduif : Internasionale Veterane Dag op 31/11/2020. Plaas Rooi Papawers op grafte in die Militêre Begraafplase. Kontak Kleintjie Hatting by 083 776 7667

d. SAWV se Tiffie Veterane in die Oos-Kaap. 'n Tiffie Tango (Braai) op 28/11/2020 in Port Elizabeth. Kontak Benita by 084 654 8630.

e. Oud-Soldate se Braai in die Suid-Kaap. 'n Bring-en-Braai op 31/10/2020 by die International Police Agency (IPA) se fasiliteite in Mosselbaai. Kontak Joekie Ehlers by 082 3675372.

73. Year-End Function of SAMIVA in Kempton Park on 07/11/2020

Mike Huxtable of the SA Mil Int Veterans Association invites the Veterans as follows:

ADMINISTRASIE

74. NTR.

NETWORKING

75. NTR.

DIE NARE WAARHEID

76. Why Can't We Get Along?

In the book by Frederick Forsyth, *The Avenger*, an academic is requested to explain why the USA is hated, even though it spends billions of dollars on aid to the less-privileged. The academic replies as follows:

"They will never forgive you. Never expect it and you will never be disappointed. Your country is a constant reproach. It is rich to their poor, strong to their weak, vigorous to their idle, enterprising to their reactionary, ingenious to their bewildered, can-do to their sit and wait, thrusting to their stunted. It only needs one demagogue to shout: 'Everything you have, you have stolen from us' and they will believe it".

Apply the above to the social situation in the RSA and a lot suddenly becomes clear.

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

77. Food for Thought

Few realise how easy and dangerous it is to mix sentiment with strategy - Gen Metaxas of Greece

War is an option of difficulties - Gen Archibald Wavell

78. Heavyweight

My wife left the laptop on the bedroom floor. Mother in Law thought it was a scale. The short story is that my Mother in Law weights R18 000.

79. Bad News from Below.
This sketch appeared in the Oct 2020 issue of Spinddrift:

SLOT

80. and on that sinking note, geniet die naweek en die rugby.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

81. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.